**21 Februarie 2014**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21**
**Fokusgedeelte: Openbaring 22:17**
**Heidelbergse Kategismus, Vraag 52**

**“Kom!”**

Die “gespanne afwagting” waarmee ek en jy – soos ons hier self bely – Christus verwag, bereik byna ’n breekpunt in die “kom-roepe” van Openbaring 22. “Kom … kom … kom …!” So deurklief hierdie kreet van verterende verlange die eeue tussen die eerste en tweede koms van ons Here Jesus Christus.

Die groot vraag is of ek en jy as gelowiges wérklik met ons hele wese, met die diepste hunkering van ons hart, in hierdie “kom!” in-gekom het? Belê ek en jy ons hele menswees in hierdie magtige, na-vore-gestrekte uitroep? Dán sal ons miskien begin onrustig raak oor ons “gearriveerde” lewenshouding! Of beteken die groot toekoms wat ons in die kerk bely vandag nie eintlik vir ons iets prakties nie?

God die Heilige Gees roep vurig om die voleinding, Hy verlang dat die Drie-enige God alles in almal sal wees. Gedring deur die Gees roep die bruidskerk na haar Bruidegom – byna soos die bruid in Hooglied 8:14: “Kom terug, man wat ek liefhet, maak soos ’n ribbok, soos ’n takboklam op die Beterberge!” Ook elkeen wat dit hoor, moet sê: ”Kom!”

Die boek Openbaring is oorspronklik in eredienste gelees. Daar was gewoonlik besoekers van buite teenwoordig. Hulle moes só meegesleur geword het deur hierdie groot verlange dat hulle ook begin het om saam te roep. Gebeur dit vandag in ons eredienste? Gaan daar iets van ’n onstuitbare heimwee uit na ons Bruidegom in ons eredienste en lewenstyl? Word mense daarbuite getrek en gelok na die lewenswater wat die komende Christus nou alreeds vir dorstiges verniet weggee? Weerklink die voorwaartse “kom-roep” ook sywaarts?

Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)